

HOOFSTUK VIII.

'N KRITIESE BESPREKING VAN DIE INHOUD VAN DIE KUNSOPVOEDING.

1. Inleiding.

Die huidige inhoud van die kunsopvoeding is die resultaat van 'n ontwikkelingsproses wat begin het met meganiese en meetkundige tekenaktiwiteite. Aanvanklik is ortografiese tekenwerk, dotjiesteken en perspektiefteken van houtmodelle en ander vaste liggame beklemtoon. Later is natuurtekeninge ingevoer en wel in die vorm van aktiwiteite soos teken van gipsmodelle, vryhandteken van natuurlike voorwerpe en illustrasies van letterkundige onderwerpe. Geprikkel deur die kindertuinidee, is ook handwerk- en toegepaste kunsaktiwiteite in die laerskool ingevoer. Die huidige inhoud bestaan dus uit 'n heterogeniteit van aktiwiteite en kunsaspekte soos onder andere kindertuin-, volkskuns-, handwerk- en industriële kunsaktiwiteite.

Die teenswoordige samestelling van aktiwiteite en materiale vir die leerplan spruit voort uit die talryke doelstellings, interpretasies en standpunte van die kunsopvoeding. Die onderliggende beginsel vir die inhoudsbepaling bestaan daarin dat die korrelasie tussen skone en praktiese kuns asook tussen kuns en die ander skoolvakke beklemtoon word. Hierby moet onthou word dat die estetiese aspek, die ontwikkeling van die kunssin in die kunsopvoeding primêr is, terwyl die verwerwing van 'n uitvoeringsbekwaamheid 'n sekondêre plek inneem. Die ontasbare maar belangrikste resultaat van ons kunsopvoeding, naamlik die estetiese houding van die

leerling wat gekenmerk word deur 'n keuringsvermoë, belangstelling en waardering, geniet egter nog nie voldoende aandag nie. In die strewe om resultate konkreet te maak, word vandag veel materiaal van 'n twyfelagtige waarde in die leerplan ingesluit.

As gevolg van die heterogeniteit van instruksiemateriaal moet die stof en leerlingaktiwiteite in die huidige kunsopvoeding sodanig gekies word dat dit op die beste manier by die kind se kennis, belangstelling en bekwaamheid aanpas. Dit is 'n noodsaaklike vereiste vir die bereiking van die doel. Omdat die moderne kunsopvoeding dan op die kind se ervaring berus, word veral vier kunsaktiwiteite of -ervaringe as noodsaaklik aanvaar vir die bereiking van die doel. Dieneoreenkomstig behels die leerplan teken en skilder of die grafiese en beeldende ervaring, ontwerp of die projektiewe (skeppende) en dekoratiewe ervaring, konstruksie of die motor-konstruktiewe ervaring en waardering of die keurende en estetiese ervaring.

2. Teken en Skilder as 'n Ideografiese Manier van Prentemaak.

Teken en skilder dien veral om aan die funksie van kuns as 'n taal te voldoen waardeur iets meegedeel of uitgebeeld word. Ons het hier met twee verskillende tipes van tekenwerk te doen, naamlik fisiografiese of meganiese tekenwerk vir grafiese dokumentering en ideografiese of beeldende tekenwerk vir beskrywende uiting. Eersgenoemde het te doen met die uitbeelding van waarnemings en feite, laasgenoemde met die uitbeelding van gevoel en verbeelding.

Dokumenteringsteken dien as 'n middel om gevolgtrekkings van waarneming en denke grafies weer te gee. Dit is dus 'n manier om akkurate inligting te verskaf en is dus logies van aard. Onder hierdie aspek val dan diagrammatiese, analitiese en inliggende tekenaktiwiteite asook instrumentale tekenwerk soos argitektoniese en topografiese

sketse.¹⁾ Hierdie aspek word nie in die leerplan vir kuns opgeneem nie omdat dit eerder by meerkunde tuishoort.

Voorstellingsteken dien as 'n middel om voorkomste en natuurbeginsels grafies uit te beeld. Dit kan aan die een kant op 'n fisiografiese manier gedoen word waardeur ons na 'n objektiewe en natuurgetroue of fotografiese weergawe van waarnemings strewes. Die uitvinding van die kamera het opleiding in hierdie rigting oorbodig gemaak. Aan die ander kant kan voorstellingsteken op 'n ideografiese manier gedoen word waardeur ons na 'n subjektiewe of deur die verbeelding beheerde interpretasie van waarnemings strewes. Ons streef hier wel na 'n weergawe van korrekte verhoudings en perspektief, maar in teenstelling met die kamera gaan ons nou selektief te werk. Dit is dan hierdie manier van voorstellings-teken wat in die leerplan vir kuns opgeneem word en wat as die grammatika van kuns beskou word.

Samestellingsteken of die opstelaktiwiteit in kuns dien as 'n middel om nie-verbale dog konkrete vorm aan 'n siening of beleving te kan gee. Hier word gebruik gemaak van die kind se indrukke of voorstellingsvoorraad, sy geheue en verbeelding. Oorspronklikheid en vindingrykheid speel hier 'n belangrike rol. Maar ook hierdie fase in die grafiese ervaring kan op twee maniere gedoen word. Aan die een kant kan die resultaat berus op 'n vindingryke samestelling van kosmiese voorkomste en aan die anderkant op 'n oorspronklike uitbeelding van 'n grafiese ideologie. In eersgenoemde geval word die sigbare natuur as uitgangspunt aanvaar, maar in laasgenoemde geval die onsigbare fantasie wat aanleiding tot allerhande mistieke voorstellinge gee. So sê Verworn:
„Diesem Zustande naiven Theoretisierens und unheimlich

1. Mathias: The Teaching of Art, 216.

bizarrer Phantasieschöpfungen entspricht die ideoplastische Kunst".¹⁾ Dit is dan veral hierdie ideoplastiese of -grafiese aspek van kuns wat in die huidige leerplan beklemtoon word.

a. Die Beklemtoning van Geïdealiseerde Voorstellings-
tekene deur die Huidige Laerskoolleerplan.

Kuns as 'n middel om 'n fisiografiese woordeskat op te bou, word in die huidige leerplan verwerp, omdat by die voorstelling van dinge die verbeelding 'n groot rol speel.²⁾ Die grafiese aktiwiteit van die kind word nie bepaal deur wette van die objektiewe, visuele realisme nie, maar deur die druk van die subjektiewe gevoel of sensasie.³⁾ In hierdie lig gesien, word alleen vanaf standaard IV voorsiening gemaak vir die skilder van figure en gesigte na die lewe, oorspronklike rangskikkings van voorwerpe en denkbeeldige landskappe en seegesigte.⁴⁾ Die kind moet nie 'n replika maak van wat voor hom is nie, maar hy moet sy persoonlike siening uitbeeld, sy persoonlikheid en individualiteit moet in sy voorstellingstekenwerk beliggaam wees. Die resultaat wat van sy oorspronklikheid en ontwerpsin afhang, moet dus nog as 'n simbool beskou word. Gevolglik is dit „heeltemaal ongewens om volwasse standarde van realisme toe te pas.“⁵⁾

Die realiteit is die prikkel en die persoonlike siening is die inhoud van die kind se skeppende uiting, maar die ontwerpsin maak die resultaat effektief. Daarom moet laasgenoemde aspek in alle voorstellingstekenwerk beklemtoon word. „The shift from design to subject dominance can happen easily and quickly if sensibilities slumber. But the consequences of the slip are not slight. ... The art of the picture is destroyed.“⁶⁾

-
1. Verworn: Zur Psychologie der primitiven Kunst, 32.
 2. T.O.D. Voorgestelde Leerplanne vir Grade tot Standaard VIII; 196:
 3. Read: Education through Art, 134.
 4. T.O.D., t.a.p., 208.
 5. T.a.p.
 6. Pearson: The New Art Education, 86.

Ons trek hierdie idealisme vir die inhoudsbepaling nie in twyfel nie, want dit is waarna ons uiteindelik in die kunsopvoeding strewe. In hoever dit egter prakties toepasbaar is op die kind van tien tot 13jarige ouderdom is 'n saak wat verder ondersoek moet word.

(i) Om, met die oog op 'n vrymaking van die kind se uitingsvermoë, die objektiewe voorstellingstekene ten gunste van 'n subjektiwiteitsuitbeelding te verwerp of om die ontwikkeling van 'n grafiese uitingsvermoë te vervang deur 'n proses van persoonlikheidsvorming, is vir ons niks meer as om een vorm van oefening deur 'n ander te vervang nie. Dit is alleen 'n kwessie van prioriteit. Die vraag is of sodanige voorkeur van oefening by die ontwikkelingspeil en vermoë van die kind aanpas. Tydens die realistiese stadium van sy ontwikkeling wil die kind 'n beheer oor sy lewensmilieu, die werklikheid, verwerf. In die huidige proses van persoonlikheidsuiting word die insidentele dog belangrike aspek van uitvoeringsbekwaamheid, waarsonder die kind op hierdie stadium nie sy subjektiwiteit kan uitbeeld nie, egter totaal verwaarloos. Gevolglik moet ons die waarde van 'n geïdealiseerde uitingsmanier, wat van die fantasie afhanklik is, tydens die realistiese ontwikkelingsstadium van die laerskoolkind in twyfel trek. „There are three preliminary conditions which must be satisfied before the child is allowed to express itself by plastic means - an eye that sees, a hand that obeys, and a soul that feels.“¹⁾

(ii) 'n Voorstelling is die resultaat van waarneming, terwyl 'n belewing die resultaat van gevoel is. Dit is dan die materiale waaruit ons begrip van die wêreld en ons gedrag in die wêreld opgebou word.²⁾ Visuele kuns word dan nie alleen uit die sensasie en die gevoel gebore nie, maar ook

1. Read: Education through Art, 115.
2. T.a.p., 57.

uit die persepsie of waarneming. Albei is noodsaaklik in die kunsaktiwiteit omdat dit die funksie van kuns is om gevoelsbe-
lewing en persepsuele voorstelling te integreer. In die
suiwerste vorm kan geeneen van die twee tot ware kuns lei nie
as dit nie gepaard gaan met die ander een nie. 'n Vergestal-
ting in die visuele kuns veronderstel dus emosie sowel as
persepsie, of beter, die inwerking van die milieu op die in-
dividu. Hierdie milieu moet eers aanskou voordat dit ge-
idealiseer kan word. Om nou van die kind 'n onmiddellike
subjektiewe of geïdealiseerde voorstellingsuitbeelding te eis,
is bo sy vermoë. Ons kan ons dus nie vereenselwig met die
bewering dat op hierdie ontwikkelingsstadium teken en skilder
uitsluitlik uit die kind se eie verbeelding moet voortspuit
nie. 1)

b. Die Plek en Omvang van Samestellende Verbeeldings-
teken in die Leerplan.

Reeds vanaf graad I word groot waarde aan ver-
beeldings- of illustratietekene geheg. Voordat kinders taal-
opstelle kan skryf, gebruik hulle samestellingsteken as 'n
gerieflike uitingsmiddel. Dit hou dan ook die waarde in dat
dit 'n uitmuntende middel is om 'n insig in die kind se gees-
teslewe te kry. Baie inhoudsmateriaal wat in woorde 'n vae
abstraksie sou bly, word deur grafiese uitbeelding verstaan-
baar en dinamies gemaak. Omdat die verbeelding hierby so 'n
belangrike rol speel, word vandag dan ook 'n groter waarde
aan illustratietekene as aan voorstellingsteken geheg.

Die skeppingsvermoë en oorspronklikheid van
die kind dien vandag as basis vir die inhoudsbepaling van die
leerplan. Wat dus vandag van die leerlinge verwag word,
is 'n oorspronklike en skeppende gebruik van voorstellinge
wat deur die verbeelding beheer word. "... imagination is
revealed as the common factor in all the subjective aspects

1. T.O.D. Voorgestelde Leerplanne vir Grade tot
Standerd VIII, 208.

of art." 1) Die funksie van verbeelding, wat deur sensasie sowel as persepsie, gevoel sowel as waarneming geprikkel word, is die voortbrenging. 'n Uitbeelding word moontlik gemaak deur die gebruik van fenomenale idioome. So berus die samestelling van die prent dus op die kind se eie gevoel, kennis of bekwaamheid en waarneming. Sy verbeelding word dan ook verder gevoed deur ervaring en ondervinding. Om die rede word in die leerplan vir elke standaard aanbeveel: „Die onderwerpe moet 'n weerspieëling van die kind se eie ondervinding en omgewing wees." 2)

Dit spreek vanself dat die geheue in verbeeldingsteken 'n belangrike rol speel. Deur sy prent op grond van feite of geheuevoorstellinge saam te stel, kan die kind iets uitbeeld wat alleen in die verlede bestaan het of wat hy gehoor het. „By imagination we mean not only fantasy, but also robust memories of everyday life: these are the real stimulus to imagination and form the inspiration for imaginative drawings." 3) Verbeeldingsteken in die huidige leerplan behels dus ook illustrasies van stories, gedigte, gebeurtenisse en avonture.

Hierdie beskouing van verbeeldingsteken as basis vir die inhoudsbepaling is gesond en vir ons aanneemlik, maar ons kan dit nie aanvaar as toepasbaar op elke ontwikkelingsstadium van die kind nie. Die feit dat die kind in sy kunstontwikkeling 'n progressiewe metamorfose ondergaan, bring mee dat ons vir 'n standaard V kind nie dieselfde inhoud kan voorskryf soos vir 'n graad I kind nie. Die klein kind wat in 'n ryke verbeeldingswêreld van sy eie lewe, beeld sy idees op 'n simboliese en besonder lewendige en gemaklike manier uit; hy ondervind nog nie die stremmende faktor van die waarneembare werklikheid nie. Maar die ouer kind wil sy

-
1. Read: Education through Art, 30.
 2. T.O.D. Voorgestelde Leerplanne vir Grade tot Standard VIII, 200 - 212.
 3. Gibbs: The Teaching of Art in Schools, 29.

verbeeldingsuiting in 'n vorm giet wat op waarneming berus. Onbekwaamheid in die uitbeelding van verhoudings en perspektief strem nou sy verbeeldingsaktiwiteit; hy is ook nie langer tevrede met simbole nie. Hy wil eers weet hoe om verskynsels grafies of plasties te kan uitbeeld alvorens hy aan sy verbeelding vorm kan gee. Wat dus van toepassing op die klein kind in die simboliese stadium is, kan nie met dieselfde doeltreffendheid ook op die ouer kind in die realistiese stadium toegepas word nie.

c. Vrye uiting.

Die beklemtoning van vrye skeppende uiting in die huidige leerplan spruit voort uit die moderne opvoedingsideaal wat 'n natuurlike inplaas van 'n formele didaktiese ontwikkeling beklemtoon. Die fantasie speel hier 'n belangrike rol. Die beperking wat in illustratietekene op grond van die gebruik van waarneembare dinge ondervind word, word hier vermy. Sensasie en fantasie in plaas van persepsie en verbeelding dien nou as basis en die resultaat berus op oorspronklikheid en die skeppingsvermoë. Ons het dus hier eerder met gevoelsfantasie as met waarnemingsverbeelding te doen. In die uiting van sy subjektiwiteit is die kind absoluut vry. Enige poging om die voorstellingskwaliteit te verbeter, sou die vrye uiting strem. „The individual should express himself in creating his own environment.”¹⁾

Prentemaak is vir die kind van agt tot nege jaar 'n geskikte vorm van vrye uiting; of die kind die kunskwaliteit in sy prent erken, is egter te betwyfel. Maar ons kan ons nie vereenselwig met die idee dat vrye uiting opvoedkundig net so waardevol vir die ouer kind sal wees nie. Namate die kind ouer en sy waarneming skerper word, is dit natuurlik dat die kind sal wil weet hoe om sy idee meer aktueel te vergestalt. So kom Mathias tot die gevolgtrekking: "We must

1. Pearson: The New Art Education, 247.

extend our interest in children's development to include imagination as well as perception, and our appreciation to include the poetry as well as the prose of their expressions.¹⁾

Die waarde van vrye uitingstekene vir die opvoeding is te beperk. Dit hou geen nastrewenswaardige ideale of standaarde in nie, maar dien alleen as 'n middel om 'n insig in die kind se geesteslewe, gevoelslewe en bekwaamheid te kry. Dit is dus alleen 'n sielkundige toetsmiddel.

Vir die vorming van die hele mens is hierdie tipe werk te eenzijdig. In die eerste plek word hier alleen een aspek van kuns betrek, naamlik die ekspressionisme. In die tweede plek voldoen dit alleen aan die subjektiewe of introverte en intuitiewe tipe kind. Kunsopvoeding moet die hoogste maat van korrelasie tussen elke kind se temperament en sy manier van uiting bewaar. Tereg spreek Read dan die oortuiging uit: „The purpose of the aesthetic education of children can, therefore, never be the production of a type of art conforming to a canonical or superior aesthetic standard, even though the existence of such a standard be admitted.“²⁾

3. Ontwerp; Die Skenpende en Dekoratiwe Ervaring.

Die huidige leerplan is gebaseer op die idee dat „ontwerp en materiaal wat gebruik word van die grootste belang is.“³⁾ Ontwerp wat op sensasie berus, moet dan beskou word as die faktor wat 'n skepping of uiting effektief maak en wat die inhoud dramatiseer.⁴⁾ Hierdeur word skoonheid dus tot stand gebring en word die vorm van 'n kunswerk bepaal. „Design is the common denominator of all the arts. Without it man's expression in any medium cannot be art.“⁵⁾

-
1. Mathias: The Teaching of Art, 295.
 2. Read: Education through Art, 104 - 105.
 3. T.O.D. Voorgestelde Leerplanne vir Grade tot Standard VIII, 196.
 4. Sien blads. 87 - 88.
 5. Pearson: The New Art Education, 246.

Die ontwerpsin, naamlik die gevoel vir ritme en harmonie, is 'n aangebore eienskap wat gevoed en verryk word deur 'n bestudering van die natuurwette. Dié daaruit voortspruitende funksionele estetiese kennis maak dit vir ons moontlik om bo die werklikheid van die natuur te kan uitstyg en om op ons beurt skoonheid te kan skep. Hierin lê dan die waarde van ontwerp.

Hoewel die huidige kunsvlytleerplan 'n waardevolle bydrae tot die inhoud van ontwerp in die kunstopvoeding lewer, hou dit die gevaar in dat dit alleen die funksionele en nuttigheidsaspek ten koste van die estetiese beklemtoon. Tweedimensionele ontwerp as die faktor wat die vorm van 'n grafiese uitbeelding bepaal, word as 'n struikelblok beskou en ten gunste van driedimensionele ontwerp in konstruksiewerk op die agtergrond geskuif.

Die dekoratiewe aspek van ontwerp word alleen deur die siervlyte gedek, dit wil sê alleen met die oog op moontlike nuttige toepassing soos byvoorbeeld stempeldruk, sjablonering, papiervou en vingerverf. Dit hou die gevaar in dat die kind se belangstelling en aandag meer op die aktiwiteit self gerig is as op die estetiese waarde van ontwerp. Die kennis van die ontwerpbeginsels gaan die praktiese toepassing vooraf.

4. Konstruksie; Die Motor-Konstruktiewe Ervaring.

Die huidige kunsvlytleerplan is gegrond op die oortuiging dat dit 'n kind makliker val om deur middel van een of ander vlytaktiwiteit aan sy skeppende drang vorm te kan gee as deur die tweedimensionele grafiese aktiwiteit. 'n Driedimensionele soliede uitbeelding vereis geen herleiding na 'n tweedimensionele voorstelling nie. Daarom word die gebruik van konkrete materiale vandag aangemoedig; dit behels die plastiese, buigsame en onbuigsame materiale. Die waardevolste van almal sou die plastiese materiaal wees, omdat dit deur die kind na willekeur gefatsoeneer kan word om so -doende gestalte aan sy idee te kan gee.

Hiermee is ons egter vandag nog nie tevrede nie. Ons wil die kinders aanmoedig om ook die buigsame en onbuigsame materiale te fatsceneer en wel met die doel om nuttige artikels te kan konstrueer. Die industriële kunste geniet dus voorkeur en in baie skole word die volle tyd wat die kunsopvoeding ter beskikking staan, aan hierdie aspek gewy. So behels dan konstruksie in die sin van vervaardiging van nuttige artikels aktiwiteite soos speelgoedmaak, boekbind, pottebak, weefwerk, leerwerk, karton-en houtwerk, elementêre bouwerk en groepprojekte. Ook die ornamentele werk moet by die materiaal en die nuttigheid aangepas wees. Om die rede word die siervlyte in die leerplan opgeneem.

Die huidige inhoud van kunsvlyt dra dus 'n vakkundige karakter en beklemtoon eerder die uitvoerende as die estetiese ervaring. Aan die een kant word die kind se uitbeeldingsaktiwiteit wel verlig deur die verwydering van die tweedimensionele struikelblok, maar aan die ander kant word die kind aan bande gelê deur die nuttigheidsmaatstaf. Soos hulle vandag onderrig word, lê die voordeel van hierdie aktiwiteite dan alleen in die motoriese handeling wat die kind ondervind, en dit was nie die oorspronklike bedoeling met kunsvlyt nie.

Dat inhoud en vorm, skoonheid en doeltreffendheid nie geskei kan word nie, word nie betwis nie. Om doeltreffendheid in die sin van ekonomiese of materiële nuttigheid te beklemtoon, bring egter nie alleen 'n verenging van die begrip doeltreffendheid („fitness”) mee nie, maar ook 'n afdwaling van die doel van die kunsopvoeding. Kuns word op grond van sy estetiese waarde in die algemene skoolleerplan ingesluit en nie op grond van nuttigheid nie.

Verder moet daarop gewys word dat 'n aktiwiteit wat met sukses deur die senior kind uitgevoer kan word, nie om dié rede met dieselfde mate van sukses op die junior kind in die laerskool toegepas kan word nie. Ons het hier nie alleen met twee verskillende wesens te doen nie, maar ook met twee verskillende soorte kinderkuns. Wanneer in die

kunsopvoeding vir die grade tot standaard II aktiwiteite soos naaldwerk, weefwerk, vlegwerk, en speelgoedmaak ingesluit word,¹⁾ het ons dus met 'n verwarring tussen doel en inhoud te doen.

5. Kunswaardering; Die Keurende en Estetiese Ervaring.

Vandag streef ons daarna om nie alleen die skeppingsvermoë nie maar ook die kunssin van die kind te ontwikkel. Kunswaardering neem dus 'n belangrike plek in. So word aan hierdie aspek van die kunsopvoeding 'n tweevoudige betekenis geheg. In die eerste plek staan die evaluerende ervaring sterk op die voorgrond, waardeur 'n estetiese seleksie of keuringsvermoë ontwikkel word. Die wye gebied van materiaal vir keuring word egter tot vervaardigde artikels beperk. Die inhoud vir bespreking word uit die gebied van industriële kuns gekies. So 'n inhoudsbepaling bring 'n eensydige estetiese ontwikkeling mee.

In die tweede plek speel die estetiese genotervaring 'n belangrike rol in die kunswaardering. Die skoonheid in die natuur en in kunsprodukte bied 'n waardevolle bron om aan hierdie ervaring te kan voldoen en om die estetiese sin te ontwikkel. Die belangrike verband tussen kuns en natuur moet dus beklemtoon word.

In die huidige kunsopvoeding word die waarderende ervaring egter tot dinge beperk wat deur die mens alleen voortgebring is. Ons het dan te doen met die genotervaring wat gepaard gaan met een of ander kunswerk. Oor die algemeen behels dit drie fases, naamlik die waardering van die inhoud (gevoel, insig, oorspronklikheid en verbeelding), die vorm (ontwerp, samestelling) en vakkundigheid (beheer oor die materiaal.)²⁾ Elkeen van hierdie hoedanighede is eng met die ander verbonde, want inhoud, vorm en materiaal

1. T.O.D. Voorgestelde Leerplanne vir Grade tot Standaard VIII, 200 - 206.
2. Mathias: The Teaching of Art, 308.

moet as 'n eenheid gesien word.

Die bepaling van die inhoud vir kunswaardering moet op die kind se belangstelling en ervaring gegrond wees, omdat die ontwikkeling op ervaring berus en dus geleidelik geskied. Dit moet dus nie tot skilder- en beeldhouwerke beperk word nie. Enigiets wat mooi is en binne die draagwydte van die kind se ervaring val, kan as besprekingsobjek gekies word.¹⁾ Die strewe met die besprekings is om by die kinders 'n waardevolle en gekultiveerde estetiese houding te ontwikkel. Kunswaardering moet dus as 'n soort geestelike higiëne beskou word.

Kinders geniet dit om na ander se uitbeelding van ervarings te kyk, en hulle moet gehelp word om die estetiese waarde daarin te ontdek. In die huidige leerplan word eers vanaf standaard IV afsonderlike kunswaarderingslesse aangebied. Hierdeur moet die belangstelling in die werke van hedendaagse en ou meesters, in die boukuns, Boesman- en Bantoe-kuns asook in die verskillende vlyte geprikkel word.²⁾

Die vermoë om uitingsmaniere van ander te kan waardeer, kan nie van 'n kind voor sy adolessensie verwag word nie.³⁾ Tot op daardie ouderdom kan alleen die intensiteit van die kind se reaksies op ervarings en belewings opgemerk en versterk word. 'n Spesifieke estetiese kwaliteit in die kind se uitbeelding kan alleen deur die woord naïwiteit aangedui word, en dit dui op 'n siening wat eie aan die kind is.

Die beklemtoning van die ontwikkeling van die kind se kunssin deur die huidige leerplan is 'n waardevolle bydrae tot die kunsopvoeding. Vir ons lê die leemte egter in die oorbeklemtoning van vervaardigde handelsartikels, waardeur alleen 'n vakkundigheidswaardering ontwikkel word.

-
1. Mathias: The Beginnings of Art in the Public Schools, 64.
 2. T.O.D. Voorgestelde Leerplanne vir Grade tot Standaard VIII, 210 - 216.
 3. Read: Education through Art, 206.

6. Slot.

Teken en skilder, ontwerp, konstruksie en waardering vorm die basis vir die bepaling van die stof en leerlingaktiwiteite in die huidige leerplan vir die laerskool. Teken en skilder, met sy grafiese en beeldende fase, verteenwoordig die taalaspek in die kunsopvoeding. Hierdeur word die kind in die geleentheid gestel om sy waarnemings en idees te kan meedeel. 'n Ekstremistiese toepassing van vrye uitingsteken dwarsdeur die skool is egter teenstrydig met bevindings in die kinderkuns en met die ryppwordingsproses.

Ontwerp wat die projektiewe en dekoratiewe oogmerk behels, verteenwoordig die aspek waardeur 'n siening of beleving effektief vergestalt kan word; dit bepaal dus die vorm van 'n werkstuk. Die toepassing van ontwerp word moontlik gemaak deur die konstruksionele en motoriese ervaring wat in die leerplan deur die nuttige konstruksie-aktiwiteite gedek word. 'n Inhoudsbepaling wat op die industriële kuns gegrond is, is egter teenstrydig met die oorspronklike doelstelling van die kunsopvoeding.

Waardering, die vermoë om skoonheid in kuns en in die natuur te kan beleef, met sy evaluerende en genietende aspek, is uiteindelik die hoogste en onsigbare vorm van ervaring waarna in die kunsopvoeding gestreef word. 'n Keuring en waardering van kommersiële en industriële handelsartikels hou egter die gevaar in dat dit 'n eensydige ontwikkeling van die kunssin meebring.

Ons moet onthou dat die drang om skoonheid te leer ken en te beleef by die kind aangebore en dus primêr in die kunsopvoeding is, terwyl nuttigheid alleen 'n lewensbehoefte is wat voorspruit uit die geaardheid van die omgewing waarin die mens geplaas word en dus sekondêr in die kunsopvoeding is.